

education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2006

GESKIEDENIS VRAESTEL 2 : ALGEMENE GESKIEDENIS

STANDAARDGRAAD

OKTOBER/NOVEMBER 2006

503-2/2A

GESKIEDENIS SG: Vraestel 2
Vraestel & Addendum



503 2 2A

SG

PUNTE: 150

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n addendum van 16 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat daar besluit word watter vrae beantwoord gaan word:

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.
2. AFDELING A bestaan uit SES opstelvrae.
3. AFDELING B bestaan uit DRIE brongebaseerde vro. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vro te beantwoord, is in die ADDENDUM.
4. MOENIE TWEE opstelvrae uit dieselfde tema beantwoord NIE.
5. Jy word toegelaat om EEN opstelvraag en EEN brongebaseerde vro uit dieselfde tema te beantwoord.
6. Beantwoord DRIE vro:
 - 6.1 Minstens EEN moet 'n opstelvraag wees en minstens EEN moet 'n brongebaseerde vro wees.
 - 6.2 **JY MOET MINSTENS EEN VRAAG UIT DIE VERPLIGTE TEMA BEANTWOORD: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU (ÓF 'N OPSTELVRAAG ÓF 'N BRONGEBASEERDE VRAAG).**
7. Vro en onderafdelings van vro moet duidelik en korrek genommer wees.
8. Tyd toegelaat vir die vraestel moet effektief in die beantwoording van die vro gebruik word, verkieslik 50 minute per vro.
9. Die blote oorskryf van bronre in die beantwoording van vro sal kandidate benadeel.
10. Skryf duidelik en leesbaar.

AFDELING A: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag en nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling nie.

VRAAG 1: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU

Beantwoord óf VRAAG 1A óf VRAAG 1B. MOENIE albei vrae beantwoord nie.

VRAAG 1A

Verduidelik hoe Harold Macmillan se beroemde woorde dat 'die winde van verandering' deur Afrika waai die proses van dekolonisasie in Afrika versnel het. [50]

OF

VRAAG 1B

Bespreek die tekortkominge en prestasies van die Organisasie vir Afrika-Eenheid (OAE). [50]

VRAAG 2: DIE OPKOMS VAN SOWJET-RUSLAND

Beantwoord óf VRAAG 2A óf VRAAG 2B. MOENIE albei vrae beantwoord nie.

VRAAG 2A

Gee 'n oorsig van die kenmerke van Oorlogskommunisme en verduidelik waarom dit vir Lenin nodig was om die Nuwe Ekonomiese Beleid bekend te stel. [50]

OF

VRAAG 2B

Beskryf Stalin se ekonomiese hervorming van Rusland van 1928 tot 1939. [50]

VRAAG 3: DIE OPKOMS VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

Beantwoord óf VRAAG 3A óf VRAAG 3B. MOENIE albei vrae beantwoord nie.

VRAAG 3A

Verduidelik die uitwerking wat die Groot Depressie op die bevolking van die Verenigde State van Amerika en die Hoover-regering in die 1920's en 1930's gehad het.

[50]

OF

VRAAG 3B

Bespreek hoe Verligting, Herstel en Hervorming die grondslag vir Roosevelt se New Deal-beleid gevorm het.

[50]

AFDELING B: BRONGBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling. Bronmateriaal vir die beantwoording van hierdie vrae is in die ADDENDUM.

VRAAG 4: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU

4.1 WAT WAS DIE POLITIEKE, EKONOMIESE EN MAATSKAPLIKE UITDAGINGS WAT AFRIKA NA ONAFHANKLIKHEID IN DIE GESIG GESTAAR HET?

Bestudeer Bronne 4A, 4B en 4C om die volgende vrae te beantwoord:

- | | | |
|-------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------|
| 4.1.1 | Watter bewyse is daar in Bron 4A wat toon dat sommige Afrika-state in die rigting van demokrasie beweeg het? (2 x 1) | (2) |
| 4.1.2 | Waarom, volgens Bron 4A, ervaar lande terugslae in hul beweging na demokrasie? (1 x 2) | (2) |
| 4.1.3 | Verwys na Bron 4B. | |
| | (a) Watter Afrika-land het die hoogste skuld in 1988 gehad? (1 x 1) | (1) |
| | (b) Deur die statistiese tabel in Bron 4B te gebruik, verduidelik die redes vir die bruto nasionale produk en skuld tussen Botswana en Nigerië. (2 x 2) | (4) |
| 4.1.4 | Gebruik Bron 4B. Lewer kommentaar op die jaarlikse groeikoers en die uitwerking daarvan op die Ivoorkus en Oeganda. (2 x 2) | (4) |
| 4.1.5 | Met verwysing na Bron 4C, beskryf die houding van die banke in die Weste teenoor die Derde Wêreld. (1 x 2) | (2) |
| 4.1.6 | Gebruik Bron 4C en jou eie kennis: | |
| | (a) Verduidelik waarom daar na die Afrika-lande verwys word as 'Derde Wêreld'-lande met 'n swaar skuldelas'. (1 x 2) | (2) |
| | (b) Verduidelik die verwysing na 'Volgende kassier asseblief'. (1 x 2) | (2) |
| 4.1.7 | Op watter wyse ondersteun Bron 4B Bron 4C? (1 x 3) | (3) |
| 4.1.8 | Gebruik Bronne 4A, 4B en 4C en skryf 'n paragraaf van ongeveer nege reëls (ongeveer 90 woorde) oor die uitwerking van die politieke, ekonomiese en maatskaplike uitdagings op Afrika na onafhanklikheid. (9) | (31) |

4.2 WAT IS DIE VERSKILLENDÉ STANDPUNTE TEN OPSIGTE VAN DEMOKRASIE?

Bestudeer Bronne 4D en 4E om die volgende vrae te beantwoord:

- | | | |
|-------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----|
| 4.2.1 | Wat, volgens Nyerere in Bron 4D, was die grootste uitdaging wat Afrika na onafhanklikheid in die gesig gestaar het? (1 x 1) | (1) |
| 4.2.2 | Beskryf Nyerere se standpunte ten opsigte van individuele vryheid soos uitgedruk in Bron 4D. (2 x 1) | (2) |
| 4.2.3 | Verwys na Bron 4E. | |
| (a) | Verduidelik waarom Diallo dink dat sy land demokraties is. (2 x 1) | (2) |
| (b) | Wat, volgens Diallo, moet die eerste prioriteit van die nuwe onafhanklike Afrika-state wees? (1 x 1) | (1) |
| 4.2.4 | Vergelyk Bronne 4D en 4E. Hoe verskil die bronne ten opsigte van demokrasie? (2 x 2) | (4) |
| 4.2.5 | Wat, volgens Bronne 4D en 4E, was die vernaamste uitdaging wat deur Afrika-regerings na onafhanklikheid in die gesig gestaar is? (1 x 3) | (3) |
| 4.2.6 | Deur Bron 4E te gebruik, verduidelik die kritiek wat teen Diallo se standpunte ten opsigte van demokrasie uitgeoefen word. (1 x 2) | (2) |
| 4.2.7 | Verduidelik die bruikbaarheid van Bron 4E om demokrasie te kan verstaan. (2 x 2) | (4) |
- (19)
[50]**

VRAAG 5: OMSTANDIGHEDE WAT TOT DIE TWEEDE WÊRELDORLOG GELEI HET

5.1 WAAROM HET 'N GROOT AANTAL MENSE DIE NAZI-PARTY ONDERSTEUN?

Gebruik Bronne 5A, 5B, 5C en 5D om die volgende vrae te beantwoord:

- | | | |
|--------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----|
| 5.1.1 | Verwys na Bron 5A. Watter rede gee Maria waarom sy die Nazi's ondersteun? (1 x 2) | (2) |
| 5.1.2 | Bestudeer Bron 5A. Hoe het die Nazi's hulself geadverteer? (2 x 2) | (4) |
| 5.1.3 | Deur jou eie kennis te gebruik, verduidelik waarna Maria in Bron 5A kon verwys het toe sy gesê het 'daar was baie aspekte wat bevraagteken kon word'. (1 x 2) | (2) |
| 5.1.4 | Verwys na Bron 5C. Hoe is hierdie bron gebruik om stemme vir die Nazi-party te werf? (3 x 2) | (6) |
| 5.1.5 | Verduidelik waarom die verkiesingsplakkaat in Bron 5C waarskynlik meer doeltreffend sou gewees het om ondersteuning vir die Nazi's in die 1932-verkiesing in Duitsland te werf. (2 x 2) | (4) |
| 5.1.6 | Wat stel die spotprenttekenaar in Bron 5B voor as rede waarom die mense die Nazi's ondersteun het? (1 x 2) | (2) |
| 5.1.7 | Op watter wyse weerspieël Bron 5B 'n algemene kenmerk van totalitarisme? (1 x 2) | (2) |
| 5.1.8 | Verwys na Bronne 5A en 5B. Lewer kommentaar op Maria Habernichts se standpunt dat 'mense aangesluit het omdat hulle ten gunste van sosiale geregtigheid was'. (4) | |
| 5.1.9 | Verwys na Bron 5D. | |
| (a) | Wat was van die probleme wat Duitsland ervaar het voordat Christabel in 1934 Duitsland verlaat het? (4 x 1) | (4) |
| (b) | Hoe het Hitler die ondersteuning van die werkloses en die weermaggenerals gewerf? (2 x 1) | (2) |
| (c) | Verduidelik 'Daar was 'n lekkerny vir elk in sy politieke bredie'. (2 x 1) | (2) |
| 5.1.10 | Watter bewyse in Bron 5D dui daarop dat sommige van die beloftes in Bron 5C nagekom is? (4) | |

- 5.1.11 Verwys na Bronne 5A en 5D. Hoe dui beide Maria en Christabel aan dat nie alles omtrent die Nazi's aanvaar was nie? Haal uit die bronne aan om jou antwoord te illustreer. (2 x 2) (4)
- 5.1.12 Deur jou eie kennis en al die bronne te gebruik, skyf 'n paragraaf van ongeveer 8 reëls (omtrent 80 woorde) waarin jy die redes beskryf vir die enorme ondersteuning wat deur die Duitsers aan die Nazi's in die 1930's gegee is. (8)
[50]

**VRAAG 6: INTERNASIONALE VERHOUDINGE EN GEBEURTENISSE:
DIE KOUE OORLOG**

6.1 WAAROM WAS DIE BERLYNSE LUGBRUG VAN 1948-1949 VAN SPESIALE BETEKENIS GEWEES?

Bestudeer Bronne 6A, 6B, 6C, 6D, 6 E en 6F en beantwoord die volgende vrae:

6.1.1 Verwys na Bron 6A.

- (a) Hoe het die Kremlin volgens die standpunt van Truman probeer om die mense van Europa te mislei? (1 x 2) (2)
- (b) Wat was die ernstige situasie wat besig was om in Duitsland te ontwikkel? (2 x 1) (2)
- (c) Verduidelik of Truman se bevestiging dat 'ons moes in Berlyn agterbly', geregtig kon word. (1 x 2) (2)

6.1.2 Gebruik Bron 6B.

- (a) Watter gevolgtrekking moet die Berlynse lugbrug kan jy uit hierdie foto maak? (2 x 3) (6)
- (b) Wat vertel die aantal vlugte jou van die reddingspoging? (2 x 2) (4)
- (c) Watter bewys is daar in hierdie bron wat te kenne gee dat die lugbrug 'n gesamentlike poging was? (1 x 2) (2)

6.1.3 Met verwysing na Bron 6C, lys DRIE prestasies wat deur die Westerse moondhede behaal is met die Berlynse lugbrug. (3 x 1) (3)

6.1.4 Deur Bron 6C en jou eie kennis te gebruik, verduidelik hoe lug-mag gehelp het om die Berlynse blokkade te oorkom. (2 x 2) (4)

6.1.5 Hoe ondersteun Bron 6B wat in Bron 6C genoem word? (2 x 2) (4)

6.1.6 Watter boodskap probeer die spotprenttekenaar in Bron 6D oordra? (2 x 2) (4)

6.1.7 Op watter wyse is Bron 6D bruikbaar vir 'n historikus wat die Berlynse lugbrug bestudeer? (1 x 4) (4)

6.1.8 Vergelyk Bronne 6E en 6F. Verklaar die verskillende standpunte wat elke bron aanbied oor die Berlynse blokkade. (2 x 2) (4)

- 6.1.9 Deur gebruik te maak van al die bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van omtrent 9 reëls (omtrent 90 woorde) vir jou skooltydskrif met die titel: 'Waarom die Berlynse lugbrug vir die Westerse moondhede van spesiale betekenis was'. (9)
[50]

TOTAAL: 150

GESKIEDENIS VRAESTEL 2 : ALGEMENE GESKIEDENIS
ADDENDUM
STANDAARDGRAAD
OKTOBER/NOVEMBER 2006
503-2/2A

VRAAG 4: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU**4.1 WAT WAS DIE POLITIEKE, EKONOMIESE EN MAATSKAPLIKE UITDAGINGS WAT AFRIKA NA ONAFHANKLIKHEID IN DIE GESIG GESTAAR HET?****BRON 4A**

Hierdie uittreksel deur die historikus David Gordon, weerspieël standpunte aangaande die prestasies en uitdagings in Afrika na onafhanklikheid.

Dit is duidelik dat 'n politieke transformasie besig is om plaas te vind op die vasteland van Afrika. In 'n groot verskeidenheid state word mag gedesentraliseer, politieke vryhede uitgebrei en nuwe individue en groepe betree die politieke sfeer ... Tog, ten spyte van hierdie beweging in die rigting van demokrasie, het baie van die maatskaplike en ekonomiese situasies wat die politiek van Afrika oor die afgelope dertig jaar beïnvloed het, wesenlik onveranderd gebly.

Daar is 'n hoë voorkoms van ongeletterdheid en siektes, werkloosheid en armoede gaan onverpoos voort en ongelykhede tussen klasse is by verre erger as wat dit by onafhanklikheid was. Verder, in die meeste state dryf die etniese, streeks- en godsdiestige ... verdelings die Afrika-gemeenskappe uiteen!

BRON 4B

Hierdie tabel toon die statistieke van ekonomiese ontwikkeling en skuld in Afrika-lande van die middel 1960's tot 1988. Die tabel is aangepas uit N. Chazan e.a *Politics and Society in contemporary Africa in 1992*.

	Bevolking (miljoene) middel- 1960's – 1988	BNP per capita (dollar) 1988	Jaarlikse Groeikoers (%) 1965 – 88	Skuld (miljoene dollar 1988)
Algerië	23.8	2 360	2.7	24 850
Botswana	1.2	1 010	8.6	499
Ivoorkus	11.2	770	0.9	14 125
Egipte	50.2	660	3.6	49 970
Madagaskar	10.9	190	-1.8	3 602
Nigerië	110.1	290	0.9	30 718
Somalië	5.9	170	0.5	2 035
Oeganda	16.2	280	-3.1	1 925

BRON 4C

Hierdie spotprent dui aan hoe sommige internasionale banke van die Weste wins maak uit die Derde Wêreld-lande met 'n swaar skuldelas.

Afrikaanse vertaling van byskrifte:

No... He's our best customer. - Nee... hy is ons beste kliënt.
He owes us billions. - Hy skuld ons biljoene.

Third World – Derde Wêreld

Next teller please – Volgende kassier asseblief



4.2 WAT IS DIE VERSKILLENDÉ STANDPUNTE TEN OPSIGTE VAN DEMOKRASIE?**BRON 4D**

Die volgende uittreksel is 'n standpunt van J. Nyerere, geneem uit *Africa Needs Time, New York Times*, wat op 27 Maart 1960 gepubliseer is. Hy weerspieël sy standpunte oor demokrasie.

Binne tien jaar sal Afrika sy stryd teen buitelandse oorheersing wen. Die kontinent sal dan vry wees om te konsentreer op sy stryd vir die konsolidering van sy vryheid, die prestasies op ekonomiese, politieke en morele gelykheid in die wêreld.

Die leuse 'Afrika moet Vry wees' moet nie slegs beperk word tot die idee van vryheid van buitelandse oorheersing nie. Dit moet, indien dit enigiets beteken, vryheid betekende vir die individuele man en vrou – vryheid van enige vorm van onderdrukking, belediging, intimidasie of eksplorasie. Dit moet die reg van die individuele burger insluit om die regering van sy land te herkies of te vervang. Dit moet ook, natuurlik, die vryheid van die regering insluit, om te regeer sonder vrees vir enige poging om dit te vervang deur enige ander manier as deur die stembus.

Dit is belangrik om die verskil tussen demokrasie op sigself en die verskillende forme daarvan te beklemtoon. Na my mening is daar twee noodsaaklike vir demokrasie. Die eerste is die vryheid en welstand van die individu; die tweede is dat die metode waardeur die regering van 'n land gekies word, verseker dat die regering vrylik verkies is.

BRON 4E

Hierdie uittreksel uit Thomas F. Brady, *Africa Favors One-Party Rule*, *New York Times*, van 18 Maart 1959, weerspieël verskillende standpunte oor demokrasie.

Ibadan, Nigerië, 17 Maart - Abdoulaye Diallo, die Guinese Minister in Ghana het by 'n konferensie van Afrika-intellektuele en politieke leiers gesê dat sy land se metode demokraties was omdat die regerende party sy wortels in die bevolking het en hul wense reflekter deur voortdurende samespreking. Die Minister het egter voortgegaan en gesê daar is nie opposisie slegs ter wille van opposisie nie. Daar is ook geen stryd in Guinee deur indiwidue wat die mag wil oorneem van ander indiwidue nie. So 'n stryd is 'n vermorsing van tyd en energie en gevvolglik oneffektief in nuwe lande waar maatskaplike programme die eerste oorweging is.

Mnr. Diallo's se proklamasie van 'n eenpartyfilosofie, wat dieselfde blyk te wees as Kwame Nkrumah, Eerste Minister van Ghana, asook Premier Sekou Toure van Guinee, volg 'n diskous oor die rol van opposisie in nuwe lande deur S. N. Eisenstadt, Professor in Sosiologie by die Hebreuse universiteit in Jerusalem.

David Apter, Professor in Politieke Wetenskap aan die universiteit van Chicago, het mnr. Diallo geantwoord en die waarde van 'n opposisie as verteenwoordigend van die belang van minderhede, as kritiek teen die regering en as 'n bron van inligting vir die mense beklemtoon.

VRAAG 5: OMSTANDIGHEDE WAT TOT DIE TWEDE WÊRELDORLOG GELEI HET**5.1 WAAROM HET 'N GROOT AANTAL MENSE DIE NAZI-PARTY ONDERSTEUN?****BRON 5A**

Maria Habernichts was in 1932 'n sewe-en-dertigjarige huisvrou in Duitsland. In die vroeë 1960's het sy in 'n onderhoude aan 'n historikus in die Verenigde State van Amerika verduidelik waarom sy die Nazi-party in die verlede ondersteun het.

Die geledere van die NSDAP (*Nasionale Sosialistiese Demokratiese Werkersparty*) was gevul met jongmense. Daardie ernstige mense het aangesluit omdat hulle ten gunste van sosiale geregtigheid of teen werkloosheid gekant was. Daar was 'n gevoel van rusteloze energie onder die Nazi's. Jy het gereeld swastikas gesien wat op die sypaadjies geverf was of hope pamphlette versprei deur die Nazi's. Ek is aangetrek deur die gevoel van krag/sterkte in die party, alhoewel daar ook baie aspekte was wat bevraagteken kon word.

BRON 5B

In hierdie spotprent getitel 'Populêre Entoesiasme', illustreer Fulk, die spotprenttekenaar, van die redes waarom mense die Nazi's in die 1930's ondersteun het. Die 'ondersteuners' is die vier persone in die middel van die spotprent. Die twee figure aan die linkerkant het die simbool van die swastika op hul hempsmoue.



BRON 5C

Dit is 'n Nazi-verkiesingsplakkaat van 1928. Dit het deel van 'n baie effektiewe propagandasjien gevorm, veral gedurende verkiesings. Afrikaanse byskrifte: "Werk, Vryheid en Brood! Stem vir die Nasionaal Sosialiste!"



BRON 5D

Christabel Bielenberg was 'n Engelse dame wat in 1934 in die huwelik getree het met Peter Bielenberg, 'n Duitser. Hulle het in Duitsland gewoon tot 1945. Hulle was beide gekant teen die Nazi's en Peter is selfs in 1944 gearresteer deur die Nazi's, alhoewel hy kort voor die einde van die oorlog vrygelaat is. Hierdie bron is geneem uit die Christabel se boek, *The Past is Myself* (1968), wat handel oor haar ervarings in Duitsland gedurende daardie jare.

Die verandering in omgewing nadat ek in 1935 teruggekeer het [na 'n jaar in Engeland] het nie net gespruit uit die feit dat die vrolike stappers nou geklee was in uniforms met 'n besondere aaklike kleur nie, dat die seuns se hare baie korter gesny was en die meisies nou baie dik vlegsels gehad het nie, ook nie uit die dun snorre 'au Führer' op die boklippe van baie nie, of uit ... die afskuwelike Nazi-vlag wat gewapper het van elke openbare gebou nie. Dit het vir my gevoel asof die verandering dieper was. Straatgevegte, werkloosheid, vrees vir 'n burgeroorlog, vrees vir nog 'n inflasie was netelige probleme toe ek vertrek het; na my terugkoms het dit gelyk asof dit nie meer bestaan nie. In stede daarvan was daar 'n sekere gevoel van vooruitgang waarneembaar in die strate. Maniere in die openbaar (wat nooit 'n sterk punt in Duitsland was nie) het bo verwagting verbeter. Almal wat ek ontmoet het, was nie entoesiasties oor elke aspek van die regering nie, maar baie was gereed om te erken dat daar baie te sê was oor die Nuwe Orde, en het dit beskou as 'n verbetering op die vorige ...

Hitler het sy Duitsers goed verstaan. Daar was 'n lekkerny vir elk in sy politieke bredie. Werk vir die werkloses, 'n leer vir die generaals, 'n valse godsdiens vir die liggelowiges, 'n harde, knaende en hoorbare stem in internasionale sake vir diegene wat steeds gebelg gevoel het oor die belediging van 'n oorlog wat verloor is: daar was ook aanhoudingskampe en versigtige wenke oor wat wag op diegene wat die vermetelheid het om navraag oor sy metodes te doen, wat nog vir diegene wat openlik afkeurig daaroor was.

**VRAAG 6: INTERNASIONALE VERHOUDINGE EN GEBEURTENISSE:
DIE KOUE OORLOG****6.1 WAAROM WAS DIE BERLYNSE LUGBRUG VAN 1948-1949 VAN SPESIALE
BETEKENIS GEWEES?****BRON 6A**

Die volgende is 'n uittreksel uit die lewensbeskrywing van president Truman van die Verenigde State van Amerika, 1956.

Wat in Berlyn op die spel was, was nie 'n stryd om wetlike magte nie...maar 'n stryd oor Duitsland...die Kremlin het probeer om die mense van Europa te mislei om te glo dat...ons sal wegskram van enige militêre risiko's. Ek het die aangeleentheid opgehaal tydens die Kabinetsvergadering van 25 Junie 1948. Die Sekretaris van die Leër, Kenneth Royall het volgehoue kontak met generaal Clay in Duitsland gehad en het aangevoer dat 'n ernstige situasie aan die ontwikkel was...Clay is geforseer om noodsaaklike voorrade na die stad te vlieg omdat Berlyn teen daardie tyd effektiief geblokkeer is deur die Russe, beide op land en water...Ek het aanbeveel dat hierdie geïmproviseerde 'lugbrug' op 'n volskaalse georganiseerde basis ingestel moet word.

...Die afstand van Berlyn sou rampspoedige gevolge hê vir ons planne vir Wes-Duitsland (en) Europese herstel vertraag...ons moes in Berlyn agterbly.

BRON 6B

Dit is 'n foto van 'n plakkaat wat die eerste herdenking van die Berlynse Lugbrug vier.

Afrikaanse vertaling van byskrifte:

AIRLIFT'S BIRTHDAY

-

VERJAARSDAG VAN LUGBRUG

1,940,617 TONS
IN
235,156 FLIGHTS
BY
U.S. AIR FORCE AND THE RAF

1,940,617 TON
IN
235,156 VLUGTE
DEUR
VSA LUGMAG EN DIE
KONINKLIKE (BRITSE) LUGMAG



BRON 6C

Die volgende is 'n uittreksel uit 'n toespraak deur Arthur Henderson, Britse Sekretaris van die Lugmag, 11 Mei 1949, wat die prestasies van die Berlynse lugbrug uitleg.

In die 318 dae sedert die begin van die lugbrug op 28 Junie 1948, het Britse en VSA-vliegtuie 195,530 vlugte na Berlyn afgelê met 1,583,686 ton voedsel, steenkool en ander voorrade aan boord. Uit hierdie totaal het Britse vliegtuie 63,612 vlugte met 369,347 ton, en Amerikaanse vliegtuie 131,918 vlugte met 1,214,339 ton aan boord uitgevoer. Die Britse totaal het bestaan uit nagenoeg 185,000 ton voedsel, 97,000 ton steenkool, 50,000 ton brandstof, 21,000 ton gemengde vrag en 15,000 ton voorrade vir die Britse magte in Berlyn. In die teenoorgestelde rigting het Britse vliegtuie omtrent 30,000 ton vrag en meer as 65,000 passasiers uit Berlyn vervoer.

Alhoewel die Britte bygedra het tot die lugbrug in die vorm van vlugte en tonnemaat wat omtrent een kwart van die totaal was, was die Koninklike (Britse) Lugmag verantwoordelik vir die grootste deel van die organisasie op land (6 van die 8 versendingslughawens was in die Britse sone), en meer as 500,000 ton is per vliegtuig geneem na die Gatow-lughawe (in die Britse sone van Berlyn) alleen.

Gatow, wat huidiglik omtrent 1,000 vliegtuig-bewegings in 24 uur hanteer, kan daarop aanspraak maak dat dit die besigste lughawe in die wêreld is deurdat daar gemiddeld 540 bewegings per dag gedurende die hele lugbrug was.


BRON 6D

Hierdie spotprent is in Julie 1948 in die Londense tydskrif, *Punch*, gepubliseer. Dit toon Stalin in 'n skoorsteen bokant Berlyn. Die ooievaars dra voorrade na Wes-Berlyn.



BRON 6E

Dit is 'n Sowjet-siening van die Berlynse blokkade wat toon hoe die USSR (wat voorgestel word deur die twee hande) algehele beheer oor die inwoners van Wes-Berlyn gehad het.



BRON 6F

Dit is 'n Westerse siening van die Berlynse blokkade wat die Westerse moondhede se toegang na Wes-Berlyn toon. Die groot figuur verteenwoordig die Westerse moondhede en die soldate die USSR.



ERKENNINGS

Uittreksels en visuele bronne wat in hierdie addendum gebruik word, is geneem uit die volgende publikasies:

- Bottaro, J. and Visser, P. 1999 *In Search of History Grade 12*, Cape Town: Oxford
- Brady, T.F. 1959 *Africa Favors One-Party Rule*, New York Times
- Brockman, J. 1986 *Italy and Mussolini*, New York: Longman
- Brooks, R. 1985 *The Modern World since 1870*, University Tutorial Press
- Brooman, J. 1989 *The World Since 1900*, United Kingdom: Longman Group
- Boyce, A.N. 1974 *Europe and South Africa Part 2 A History for Std 10*, Cape Town: Juta
- Chazan, N. 1992 *Politics and Society in contemporary Africa*, Oxford
- Condon, C. 1994 *The Making of the Modern World*, Melbourne: Macmillan
- Craig, G.A. 1972 *Europe since 1914*, USA The Dryden Press
- Culpin, C. 1998 *GCSE Modern World History*, London: Collins Educational
- Desmond, G. 1968 *Mussolini and Fascist Era*, Great Britain: Cox & Wyman
- Downing, T. & Isaacs, J. 1998 *Cold War*, London: Batam Press
- Govender, S.P. et. al. 1999 *New Generation History Standard 10*, Musgrave
- Heater, D. 1992 *Our world this century*, Oxford: Oxford
- Hodge, T. 1993 *Understanding History*, Hong Kong: Heinemann Educational
- Hodgkin, T. 1957 *Nationalism in Colonial Africa*, New York: University Press
- Hills, K. 1991 *Take Ten Years 1940*, London: Evans Brothers Ltd
- Lancaster, T. & S. 1994 *The era of the Second World War*, London: Causeway Press Ltd
- Leeds, C. 1972 *Italy and Mussolini*, London: Wayland Publishers
- McAleavy, T. 1996 *Modern World History*, United Kingdom: Cambridge University Press
- Nyerere, J. 1960 *Africa Needs Time*, New York Times
- O'Callaghan, B. 1996 *A History of the Twentieth Century*, New York: Longman
- Pape, J. et al 1998 *Making History Grade 12*, London: Heineman Publishers
- Patrick, J. & Buzan, T. 1997 *GCSE Modern World History*, London: Hodder & Stoughton
- Pearson, E. 1975 *Hitler's Reich*, London: Harrop & Co. Ltd.
- Prockter, R. 1970 *Nazi Germany*, London: The Bodley Head Publishers
- Sauvain, P. 1997 *Germany in the Twentieth Century*, Stanley: Thornes
- Scott, J. 1989 *The World Since 1914*, Oxford: Heineman
- Seleti, Y. (Editor) 1999 *Looking into the Past Grade 12*, Cape Town: Maskew Miller Longman (Pty) Ltd
- Sellman, R.R. 1970 *An Outline Atlas of World History*, London: Edward Arnold Publishers
- Speed, P. & M. 1986 *The Modern World*, Somerset: Oxford
- Tate, N. 1989 *People Events in the Modern World*, Great Britain: British Publishers
- Traynor, J. 1991 *Challenging History Europe 1890 – 1990*, London: MacMillan Education Limited
- Walsh, B. 1996 *Modern World History*, London: John Murray Publishers Ltd
- Waugh, S. 2001 *Essential Modern World History*, United Kingdom: Nelson Thornes Limited
- Wilson, D.A. No date *Peoples, Revolutions, and Nations*, No place: Evan

